Kraggakamma Huisgeloof
vir kleingroepe, families en stiltetyd
22-26 November 2026

Tema: Lewe met jou gesig na God
Fokus Teks: Efesiërs 3:14-21
Alternatiewe Teks: Efesiërs 1:1-3:13

Afskop vrae:

Het julle al ooit iemand afgeluister? Mense wat iewers agter ’n deur staan en skinder en dan gaan staan jy met jou oor teen die deur en luister waaroor hulle praat? Of het jy dalk iewers by ’n groep mense verbygeloop en gehoor hulle gesels eintlik oor jou en dan probeer agterkom wat sê hulle oor jou?

Gespreksvrae:

Wanneer ons Efesiërs 3:14-21 lees, dan is ons aste ware besig om vir Paulus af te luister waar hy besig is om met God te praat. Hoe ons met God praat, vertel baie van ons verhouding met God.

- ✞ Wat ons hier lees, is Paulus se tweede gebed aan die gemeente in Efese. Lees gerus saam sy eerste gebed aan die gemeente (Efesiërs 1:15-23)
- ✞ Deel met mekaar wat in hierdie gebed vir jou uitstaan?
- ✞ Wat toon Paulus se houding – om voor die Vader te kniel – oor sy gesindheid teenoor God?
- ✞ Hoe beïnvloed die beskouing van God as "Vader" die manier waarop jy bid? Is dit vir jou maklik of moeilik om God as ‘n Vader te sien?
- ✞ Hoe verstaan julle vers 17: “*Dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees*”?
- ✞ Lees Openbaring 2:1-7, waar Paulus 60 jaar later weer vir die gemeente in Efese skryf. Watter afleidings kan jy maak oor wat met die gemeente gebeur het na Paulus se brief?

Afsluiting:

Bid die volgende seëngebed vir mekaar:

God is baie lief vir jou en ek hoop jy sal in staat wees om te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep SY liefde vir jou strek”